2013/05/24
07:54 AM

# Graan SA Markaanwysers

*Wessel Lemmer*

| | DATUM 2013/05/24 | DATUM 2013/05/23 | | | + - WEEK GELEDE 2013/05/17 | | + - MAAND GELEDE 2013/04/24 | | + - JAAR GELEDE 2012/05/24 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | *Data* | Δ | Δ% | *Data* | Δ% | *Data* | Δ% | *Data* | Δ% | *Data* |
| DJIA-indeks | 15295 | -12.67 | -0.1% | 15307 | 0% | 15354 | 4% | 14676 | 18% | 12529 |
| Goud (Spot) | 1395.20 | 27.97 | 2.0% | 1367.23 | 4% | 1345.63 | -4% | 1446.33 | -12% | 1565.65 |
| Brent $/vat (Jun) | 102.38 | -0.02 | 0.0% | 102.40 | -2% | 104.65 | 0% | 102.08 | -4% | 106.86 |
| 1 €: ? US$ | 1.2929 | 0.002 | 0.1% | 1.2911 | 0% | 1.2883 | 0% | 1.2993 | 3% | 1.25 |
| 1 US$: ? ZAR | 9.56 | 0.024 | 0.3% | 9.54 | -968% | 102.14 | 4% | 9.21 | 12% | 8.39 |
| ΔCBOT 8vm : 12nm* | R 2 484.27 | -5.97 | -0.2% | R 2 490.24 | * CBOT May sent/skepel 08:00 vandag vs CBOT Corn May 12:00 die vorige dag | | | | | |
| ΔCBOT 8vm : 12nm* | R 5 281.13 | 24.65 | 0.5% | R 5 256.48 | * CBOT May sent/skepel 08:00 vandag vs CBOT Soya May 12:00 die vorige dag | | | | | |
| ΔCBOT 8vm : 12nm* | R 2 472.37 | 7.08 | 0.3% | R 2 465.29 | * CBOT May sent/skepel 08:00 vandag vs CBOT Wheat May 12:00 die vorige dag | | | | | |
| Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag) | | | | | | | | | | |
| Corn Jul 13 | 660.00 | -3.25 | -0.5% | 663.25 | 1% | 652.75 | 6% | 618.25 | 18% | 542.00 |
| Corn Sep 13 | 561.50 | -2.75 | -0.5% | 564.25 | 1% | 556.00 | 3% | 546.75 | 6% | 527.25 |
| Soybean Jul 13 | 1503.25 | 3.25 | 0.2% | 1500.00 | 4% | 1448.50 | 11% | 1345.25 | 17% | 1246.00 |
| Wheat Jul 13 | 703.75 | 0.25 | 0.0% | 703.50 | 3% | 683.25 | 2% | 692.00 | -3% | 728.00 |
| Wheat Dec 13 | 723.25 | -1.25 | -0.2% | 724.50 | 2% | 707.50 | 1% | 713.50 | -4% | 751.25 |
| Jongste MTM-pryse (Aangeteken tussen 07:00 vm - 08:00 vm op die jongste twee datums) *Syfers in italics = naaste kontrakmaand* | | | | | | | | | | |
| SORGHUM May 13 | 2720 | 0 | 0.0% | 2720 | 2% | 2660 | -8% | 2950 | | *NA* |
| WMAZ May 13 | 2183 | 42 | 1.9% | 2141 | 1% | 2160 | 5% | 2065 | | *NA* |
| WMAZ Jul 13 | 2198 | 40 | 1.8% | 2158 | 1% | 2178 | 5% | 2084 | 8% | *2031* |
| YMAZ May 13 | 2195 | 2 | 0.1% | 2193 | 1% | 2170 | 6% | 2064 | 9% | 2000 |
| YMAZ Jul 13 | 2171 | 25 | 1.2% | 2146 | 1% | 2160 | 5% | 2058 | 9% | 1972 |
| SOY May 13 | 4903 | 73 | 1.5% | 4830 | 4% | 4720 | 5% | 4650 | 20% | 3935 |
| SOY Jul 13 | 4950 | 75 | 1.5% | 4875 | 4% | 4770 | 5% | 4706 | | *NA* |
| SUN May 13 | 5338 | 38 | 0.7% | 5300 | 2% | 5253 | 3% | 5180 | | *NA* |
| SUN Jul 13 | 5411 | 41 | 0.8% | 5370 | 1% | 5335 | 2% | 5287 | 10% | *4855* |
| WHEAT May 13 | 3515 | 35 | 1.0% | 3480 | 2% | 3439 | 4% | 3369 | | *NA* |
| WHEAT Dec 13 | 3360 | 20 | 0.6% | 3340 | 1% | 3310 | 4% | 3222 | 12% | *2960* |
| JONGSTE MARKINLIGTING NA 21:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE | | | | | | | | | | |

**Buitemarkfaktore:** Die Rand verhandel teen R9.56 nadat die geldeenheid gistermiddag 12:00 'n vlak van R9.54 bereik het. Gemeet teenoor die hoër VSA kommoditeitspryse en swak Rand sedert 12:00 Donderdagmiddag vir die Juliekontrak, behoort mieliepryse vandag -R6/ton laer te open, sojaboonpryse +R24/ton hoër en koringpryse +R7/ton hoër.

**Mielies:** VSA ou- en nuwe seisoenpryse het sedert 12:00 gistermiddag met 0,5% gedaal. Knap ouseisoenvoorrade en voortslepende logistiese probleme in Suid-Amerika ondersteun pryse. Mieliepryse het begin daal nadat die nuus gebreek het dat die stakings in die Argentynse hawens opgelos is en produsenteverkope begin toeneem het. Die weeklikse mielie uitvoersyfer van 446 200 ton, is prysondersteunend en in die EU het Stratégie Grain die instansie se EU mielieproduksieskatting verlaag. Swakker ekonomiese groei in China en die sterk $ kan laer pryse tot gevolg hê. Die omvang van ouseisoen voorraadverkope deur produsente kan tot laer pryse lei. In die VSA is die noordelike gedeeltes van die mieliegordel steeds te nat om te plant en gevolglik is die verwagting dat aanplantings Dinsdag slegs 85% kan beloop.

**Sojabone:** Die weeklikse uitvoereverslag en vraag uit China ondersteun sojaboonpryse. China het ook aangekondig dat die land se kanolareserwes aangevul moet word. Let op dat 'n drie-dag naweek in die VSA op hande is en dat die verwagtinge is dat die VSA Dinsdag 50% van die land se sojabone klaar aangeplant sal hê. Die noordelike dele van die Midweste verwag nog reën wat aanplantings kan vertraag.

**Koring:** Sprake dat lande in die wêreld hul voorrade wil bou ondersteun koringpryse. Die goeie weeklikse uitvoere (952 600 ton) en Algerië wat 400 000 ton oornag bestel het, was goeie nuus vir koringpryse. Die sterk $ en reënvalvooruitsigte vir Rusland plaas pryse onder druk. Indien China opvolg en wel VSA koring aankoop, behoort dit pryse ook te ondersteun.

Die vierde produksieskatting van die Suid-Afrikaanse oes dui daarop dat die witmielie-oes 6 026 200 ton (-2,1%) kan beloop en die geelmielie-oes 5 414 050 ton (+0,13%). Die sojaboon-oes is 2,98% kleiner en beloop 825 600 ton. Sonneblomsaad en sorghum se skatting is onveranderd gelaat op onderskeidelik 554 500 ton en 168 114 ton. Die grondboon-oes toon die grootste daling (-12,61%) vanaf 57 900 ton tot 50 600 ton.

*Bronne: Graan SA, Eric Leese, John Roach.*

**Let asb op die volgende:**

**Die volgende internasionale markverslae word gepubliseer: Besoek: http://www.usda.gov/wps/portal/**
**Maandag 27 Mei:** USDA Crop Progress
**Die volgende plaaslike markverslae word gepubliseer: Besoek: http://www.grainsa.co.za**
**Donderdag 23 Mei**: Die volgende Somergraan Oesskatting en SAGIS se maandelikse bulletin.

GRAIN SA
GRAAN SA

Die verslag is vir inligtingsdoeleindes opgestel en al word dit as betroubaar beskou kan Graan SA nie die akkuraatheid of volledigheid daarvan waarborg nie. Rig navrae aan Wessel Lemmer by wessel@grainsa.co.za